



NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil



❖ Facebook: <https://www.facebook.com/noordsin/>

❖ **Kampsterreine:**

Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;

Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

Die volgende Verskil sal na die skoolvakansie (5 April) verskyn

15 Maart 2024: Nr 09/2024

Warmnuus

❖ 'n Woord van ons nuwe moderator



"Uitgestrek van The Reeds in die Suide van Centurion tot Mussina in die Noorde van ons land, so ver as Zambië, Zimbabwe en selfs verder tot in die hart van die Verenigde Koninkryk. Die Noordelike Sinode se voetspoor loop wyd en diep.

Met ons eerste Sinodale Diensraad Vergadering (SDR) van die jaar was dit inspirerend om die diverse klomp mense bymekaar te hê. Dit wat ons saambind is meer as enige verskille en die rykdom van ons Sinode lê juis in die verskeidenheid wat elkeen bring.

Ons weet dat kerk-wees nie eenvoudig en maklik is nie. Ons hou rekening hiermee. Die 39 taakspanne wat fokus op die uitdagings van die dag, vertel sy eie storie.

Vir gemeentes wat getrou bydra tot die gesamentlike werk kan ons net dankie sê! Meer as die geld, vertel dit ook dat ons 'n familie is wat saamwerk. Deur goeie finansiële bestuur is ons nou in 'n situasie waar 76% van die bydraes direk gebruik word vir bedieningsondersteuning en slegs 24% vir bedryfsuitgawes.

Ons hou mekaar op verskillende maniere vas. Ons sien die verskil wat ons maak en die hoop is lewend in ons. Maar ons weet dit is nie óns kerk nie. Ons is die Here s'n.

Dit het ek al oor en oor beleef in my 28 jaar as predikant. Daarom op die vooraand van Pase, diep in Lydenstyd,



mag jy saam met my onthou dat ons spoor nie net wyd en diep loop nie. Ons spoor loop saam in die rigting van Golgota en die leë graf. Die stilwordplek wat ons herinner dat dood, verwoesting en godverlatenheid nooit die laaste sê het nie. Daar is 'n Liefde wat ons verder vat, wat die toekoms ontsluit en moontlikhede oopmaak waarvan ons nog nie eers bewus is nie.

Wanneer ons in Paastyd, oor die lengte en breedte van ons land en lande, brood en wyn in ons hande neem, mag dít ons anker: Ons is inderdaad die Here s'n. In die woorde van **Efesiërs 1:**

"Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo."

❖ **Pinkster '24**

By die laaste SDR-vergadering op 6 Maart is daar besluit om nie vanjaar gemeente te versoek om almal oor dieselfde tema Pinkster te hou nie. Die SDR het geoordeel dat daar elke tweede jaar 'n gesamentlike tema aangepak sal word, m.a.w weer in 2025.

Vir gemeentes wat behoefte het aan leiding rakende vanjaar se Pinkster het Bernice Serfontein 'n paar hulpmiddels geïdentifiseer:

- **CLF Pinksterreeks "Wat op aarde maak jy hier?"** ([Klik hier](#)) - Hierdie reeks vra die vraag: *Wat op aarde maak ons hier?* en antwoord met 'n uiteensetting van ons doel en roeping as gelowiges op aarde. Elke boodskap het vier stadiums/oomblikke: lees, dink, luister en doen. Na die Skriflesing (lees) is daar 'n paar gedagtes (dink) oor

die teks vir oordenking (Lectio Divina-styl). Dit word gevolg deur die boodskap (luister), en 'n paar praktiese vrae en gebedsriglyne (doen).

- **Aanlyn werkswinkel – Excelsus 19 & 20 Maart** ([Klik hier](#)) - 'n Kreatiewe werkswinkel oor die viering van die kerklike jaar “**Die jaar van God se genade**”. Daar word saam gedink en saam gewerk aan die viering van: Paasfees; Die Sondae in Paastyd; Hemelvaart; Pinkster. VBO: 20 punte; Sluitingsdatum vir inskrywings: 18 Maart.
- **Navrae:** Bernice – 083 417 5133 / bernice.serfontein@gmail.com.

Sinodenuus

❖ In Pas

Die Taakspan In Pas het op 9 Maart 'n baie sinvolle werkswinkel gehou. Daar was verteenwoordigers van sewe gemeentes en daar is onder andere gepraat oor ritmes, gewoontes en praktyke wat in gemeentes beoefen kan word.

* Gemeentes wat nog wil inskakel is welkom om vir Jan Botha te kontak by 076 481 5683 / janbotha1102@gmail.com.

* Om die nuusbrieff te ontvang: klik op www.inpas.co.za



❖ Senior Volwasse Bediening

By die pas afgelope SDR-vergadering het die Taakspan Senior Volwasse Bediening 'n baie insiggewende verslag gelewer. [Klik hier](#) om die volledige verslag te lees.

Vir meer inligting, kontak die taakspanleier, Karel Albrecht by 083 607 9726 / karel.albrecht@gmail.com.

❖ Nuus van die Algemene Sinode

Die ASM het van 27-29 Februarie vergader. Klik hieronder om die pastorale brief aan gemeentes te lees, asook die advies rakende gemeentes wat hulle band met die NG Kerk sou opskort.

- ['n Pastorale Brief](#) (Dit sluit ook die roepingsverklaring in).
- [Advies rakende opskorting](#)

❖ Diens van Barmhartigheid neem afskeid

Al die bestuurders en voorsitters van die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid Maatskappy (SKDBM) se diensorganisasies was onlangs bymekaar. Die doel van die



geleentheid was toerusting en netwerkvorming, asook om afskeid te neem van twee personeellede in Botha van Aarde, Uitvoerende Hoof van die SKDBM, se kantoor.

Adri van Deventer (links op foto) het vir vyf-en-dertig jaar die finansies hanteer en Linda Kotzé was die afgelope sewe jaar verantwoordelik vir die algemene administrasie en skakeling. Beide tree af.



❖ Genadedood

Die Ring van Pretoria-Noord het onlangs na 'n baie insiggewende voordrag van prof. Pieter Carstens van UP geluister. Die titel van sy praatjie was: **'n Regs-mediese analise van die toepassing van genadedood in SA - 'n wekroep tot hervorming, ook in die konteks van my eie persoonlike reis met terminale kanker.**

* Die praatjie is op YouTube beskikbaar. Klik hier: <https://youtu.be/6uq93L-ZI9k>


* Enige persoon wat prof. Pieter Carstens graag wil kontak, kan dit doen by pieter.carstens@up.ac.za.

Kolleganuus

❖ In die hospitaal

Paul Grobler [Sinodehuis] gaan vir 'n operasie en sal eers weer 6 Mei beskikbaar wees. Kontak asseblief vir Rehan Rheeder, Saakgelastigde, by 083 288 7756 / rehan@noordsin.co.za.

❖ Beweging



<<< **Jan Coetzer** [Vaalwater] het die beroep na Oos-Londen aanvaar. Sy afskeidsdiens vind op *31 Maart* plaas.



>>> **Frans de Beer** [Springbokvlakte] het die beroep na Volksrust aanvaar.



<<< **Rivandu Swanepoel** [proponent] het die beroep na Pretoria-Oos aanvaar. Sy ordening en bevestiging vind op *14 April* plaas.

❖ Verjaarsdagwense


17/03 Daniël de Vos (Emeritus)
 20/03 Chris Nel (Emeritus)
 23/03 Roelf Opperman (Emeritus); Nadine Bronkhorst (Rusterburg-Bergsig); Dawie Swart (Emeritus)
 25/03 Deon Strauss (Rustenburg-Proteapark)
 27/03 Deon Groenewald (Pietersburg-Noord); Nicole Hamman-Forrest (Waterkloofrif); Jan Coetzer (Vaalwater)
 29/03 Willem Pelser (Koedoeskop)
 30/03 Jaco Strydom (Villieria)
 02/04 Hendrik Lambrechts (Wespoort); Doppe Erasmus (Emeritus)
 03/04 Jeandré Slabbert (Villieria); Sybrand van Niekerk (Emeritus)

24/03 Ester Beetge (Eggenote van wyle Attie, emeritus)
 26/03 Jana Vorster (Eggenote van Gert, emeritus)
 30/03 Petra de la Guerre (Eggenote van Henry, emeritus)
 31/03 Elise Nel (Eggenote van Chris, emeritus)

Gemeentenuus

❖ Verjaardae

Louis Trichardt [Gestig 23/03/1906] >>>
 Warmbad [Gestig 22/03/1922]
 Petronella [Gestig 23/03/1955]
 Pretoria-Tuine [Gestig 24/03/1955]
 Raslouw [Gestig 31/03/1976]
 Kerk-in-Suid [Gestig 01/04/1976]
 Rooihuiskraal [Gestig 24/03/1985]
 Hulp en Hoop [Gestig 23/03/1986]
 SA Gemeente [Gestig 25/03/1994]



❖ Wonderboompoort



Naudé Kritzing van die Gemeente Wonderboompoort skryf: "Kontak my (084 505 6567) as jy graag die naweek wil bywoon of meer wil weet. Dit is heerlike verblyf en 'n rustige, maar tog gefokusde naweek van stilte. Daar is nog plek, maar ek moet teen *25 Maart* die finale getalle hê."

❖ Universiteitsoord

Orrelkonsertreeks 2024

19 Maart 19:00 - Gewyde orrelkonsert: Lydensmusiek;
 7 April 11:00 – Zanta Hofmeyr en Isabelle van Rensburg;
 14 April 11:00 – In Harmonie: 'n Kaleidoskoop van orrel- en klavierduette met Albert Troskie en Erika Bothma.



Toerusting

❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

Program vir 2024: [Kliek hier](#) om meer uit te vind van kursusse wat die jaar aangebied word.

Viering van die kerklike jaar: Datum het verskuif

19 & 20 Maart [8:30-16:30] – 'n Kreatiewe **aanlyn** werkwinkel oor die viering van die kerklike jaar - Die jaar van God se genade. **Tema:** Paastyd. [[Kliek hier](#) vir die uitnodiging].

Aanbieder: André Bartlett. **20 VBO-punte.** [Kliek hier](#) om in te skryf - sluitingsdatum: **18 Maart**

Emmaus 2024

Hiermee inligting oor die Emmaus Beweging. (Kliek op die skakels vir die [bemarkingsdokument](#) en [program](#).)

Navrae: Walter Sutton by 082 778 2801 of epos walteranso@gmail.com.

Ander nuus

❖ Aarde-uur

Vanjaar word Aarde-uur op 23 Maart vanaf 20:30 tot 21:30 gevier. [Kliek hier](#) en lees meer.



❖ Vakatures

Kerkbode: [Kliek hier](#) vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

Monumentpark-Wes: Gemeenteleraar (Deeltydse vaste termynpos)

Die grense van die gemeente val saam met die geografiese grense van die dorpsgebied Monumentpark-Wes op die westelike hoek van die R21 en Solomon Mahlangu Rylaan.

Datum van diensaanvaarding: **Julie 2024**. **Sluitingsdatum:** **27 Maart**. **Navrae:** Die skriba: Me Lee-Anne Bisschoff, 082 337 6682 of AD Watts 082 448 1323. [[Kliek hier](#) vir die volledige advertensie]

Sesmyspruit: Leraar (Vaste termynpos van drie jaar, met moontlike opsie om te verleng)

In biddende afhanklikheid van God drieëinig en met verwagting word die vakature bekendgestel. Kontak gerus vir Johan by gbs.ngsesmyl@icon.co.za / 082 453 0102 vir 'n volledige beskrywing.

Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za]. [Kliek hier](#) vir die name wat reeds gestuur is.

Naskrif

